

NG Kerk van Transvaal Ring van Louis Trichardt

Standpunt oor die opstanding van Jesus Christus uit die dood (goedgekeur by Ringsitting gehou op 17 & 18 Augustus 2007 en finaal redaksioneel versorg by 'n uitgebreide Ringskommissievergadering gehou op 12.11.2007 te Louis Trichardt)

1. Die *verkondiging van die opstanding* van Jesus Christus uit die dood in Skrifgedeeltes soos Matteus 28, Markus 16, Lukas 24 en Handeling 2:22-36; 3:15; 4:2 en 13:32-37, Johannes 20, 1 Korintiërs 15, 1 Tessalonisense 4:13-18 en Hebreërs 2:5-18 is die *heilshistoriese openbaring* van wie Jesus Christus vandag is.
2. Hierdie verkondiging van wie Jesus Christus is, is *nie eers na Jesus se dood en opstanding* aan die dissipels geopenbaar nie. Jesus Christus het dit self aan hulle verkondig in tyd en plek met drie lydensaankondigings voor sy dood en opstanding. (Matt 16:21; 17:22,23 en 20:17,19)
3. Die *verskynings* van Jesus Christus in die opstandingsberigte is *heilshistories*: Dit is werklike handeling van Christus wat in tyd en plek werklik gebeur het. Dit is ook *openbaringsgeskiedenis*: In hierdie werklike historiese gebeure het God Homself aan ons as kerk geopenbaar wie Hy vandag is. Die Evangelie gaan nie oor mense wat Jesus Christus betekenisvol maak vir ander deur Hom in hulle lewens in te lyf nie. Die Evangelie gaan oor Jesus Christus wat mense deur die krag van sy Godheid in sy menswees verenig.
4. In die heilshistoriese verskynings van Christus na sy opstanding uit die dood, het Hy gewys dat Hy *nie 'n gees* is nie, maar *'n mens van vleis en bloed*. (Lukas 24:38-40; Johannes 20:27) Hierdie opstandingsliggaam, alhoewel verheerlik, was steeds van vleis en bloed. Dit is dieselfde liggaam wat die Here gehad het van sy geboorte tot en met sy dood. Dit bevestig die Here aan die dissipels deur hulle aan die merke van sy kruisiging te laat vat: 1 Joh 1:1, Joh 20:26-29.
5. Die verskil tussen die liggaam van die Here voor sy dood met sy liggaam na sy dood stel Paulus aan die orde in 1 Korintiërs 15. Die nuwe kwaliteite van die Here se liggaamlike menswees van vleis en bloed word *geestelik* (v44), *verheerlik* (v43), *gevorm deur God* (v38), *onverganklik* (v42), *in krag* (v43), *onsterflik* (v53) en *hemels* (v48) genoem. Dit bly egter die verskil tussen sy liggaam van vleis en bloed voor en na die opstanding, en nie die verskil tussen sy liggaam en gees nie. Daarom vergelyk Paulus dit met vleis van verskillende diere wat steeds vleis bly, en met 'n koringkorrel wat koringplant word, maar wat steeds koring bly (v39 en 37-38).
6. Wie Christus in sy verskynings heilshistories was, is Hy vandag nog steeds: Hy is die Middelaar van die beloftes van God: "5 Daar is immers net een God, en daar is net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus 6 wat Homself as 'n losprys

vir almal gegee het" (1 Tim 2). Christus se menswees vandag, na liggaam, siel en gees, is nie 'n toevalligheid of tydelikheid wat verby is nie: Dit hoort tot die wese van sy verlossingswerk vandag as Middelaar. *"14 Aangesien hierdie kinders mense van vlees en bloed is, het Hy ook net soos hulle mens geword. Dit het Hy gedoen om deur sy dood dié een wat mag het oor die dood, dit is die duiwel, te vernietig 15 en om hulle wat uit vrees vir die dood hulle hele lewe lank in slawerny was, te bevry. 16 Dit is duidelik dat dit vir Hom nie om die engele gaan nie, maar om die nageslag van Abraham. 17 Daarom moes Hy in elke opsig aan sy broers gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester voor God kon wees om die sondes van die volk te versoen. 18 Omdat Hy self versoek is en gely het, kan Hy dié help wat versoek word."* (Hebreërs 2)

7. Jesus Christus is as Middelaar van die beloftes van God *ware mens en ware God – vandag*. Dit is deel van die *Messiasbelofte* dat een van Dawid se nageslag, sy eie seun, vir ewig oor die kerk sal regeer (2 Sam 7: 8-16). Dat Christus vandag volledig mens is, na liggaam en siel, soos Hy uit die dood opgestaan het volgens die verskyningsberigte, is *heilshistories noodsaaklik*. Alleen só kan Hy vandag die beloftes van God vir ons waarmaak – een van Dawid se seuns, na liggaam en siel, mens soos ons. (Lukas 1:27-33; Hand 2:24-32; Hand 13:22-25, 32-39; 2 Tim 2:8-10)
8. Die *liggaamlikheid* van Christus vandag is *noodsaaklik* vir ons *deelwees aan die heilswerk van Christus*. Paulus stel dit só in Rom 6: *"9 Ons weet dat Christus wat uit die dood opgewek is, nie weer kan sterwe nie; die dood het nie meer mag oor Hom nie. 10 Hy het gesterwe en is eens en altyd vir die sonde dood. Nou lewe Hy, en Hy lewe vir God. 11 Julle moet dus altyd onthou dat ook julle vir die sonde dood is, maar vir God lewe, omdat julle een is met Christus Jesus".* En in 2 Tim 2:11 *"Dit is 'n betroubare woord: As ons met Hom gesterf het, sal ons ook saam met Hom leef"*.
9. Dit is hierdie eenheid met Christus wat ons in die nagmaal ontvang en wat deur die nagmaal verseël word (1 Kor 11:23-29).
10. Die geloof in Christus se liggaamlike opstanding uit die dood is die enigste wyse waarop Christus aanvaar kan word as Here. Wie nie só in Christus glo nie – is volgens die Skrif ongelowig.
11. Daar is geen *grammatiese, sintaktiese, tekskritiese of literêre historiese inligting* oor dele van die Skrif wat hierdie geloof in Christus se liggaamlike opstanding uit die dood *onbelangrik of opsioneel* maak vir die kerk nie.
12. Die *miskenning* van Christus se liggaamlike opstanding uit die dood is nie gegrond op *nuwe, meer wetenskaplike insig* in die grammatika, sintaksis, literêre of historiese aard van die Skrif nie. Dit is ongeloof.
13. Daar is geen nuwe wetenskaplike kennis wat die liggaamlike opstanding van Christus negeer nie.
14. Die *kontekstualisering* van Christus as iemand wat net nog *relevansie* kan hê as Hy deur mense ingelyf word in hulle leefwêreld (hulle humanistiese lewe, hulle

rewolusionêre lewe, hulle sekularistiese lewe, hulle rasionalistiese lewe, hulle moderne lewe, hulle post-moderne lewe, hulle kommunale lewe, hulle demokratiese lewe, hulle animistiese lewe, hulle romantieke lewe, hulle volkslewe) is **ongeloof** in Jesus Christus.

15. Hierdie kontekstualisering van Christus is ook nie nuwe, moderne of wetenskaplike geloof nie.* (vgl voetnota)
16. Die kerk kan nie die verskil tussen geloof en ongelooft afmaak as bloot twee *verskillende spiritualiteite* nie. Doelbewuste miskiening van die liggaamlike opstanding van Christus is niks anders nie as ongeloof.
17. Hierdie ongelooft, gekleed in 'n filosofie van "post-modernisme", is 'n Christuslose ongelooft wat homself binne die kerk as die ware kerk wil staanmaak. Dit is die *valse kerk* van die valse profete waarvan die Skrif getuig. Dit is 'n ongelooft wat Christene wat in die opgestane en lewende Here glo, binne die kerk, deur amptelike verkondiging en lering van die kerk, wil bespotlik en veragtelik voorhou as "fundamentalistiese, onwetenskaplike, vervolgingsgesinde, oningeligte, konserwatiewe Christene wat nie kan aanpas in die post-moderne wêreld nie", "Christene wat nie die werklike betekenis van Jesus verstaan nie".
- 18. Hierdie miskiening van die liggaamlike opstanding van Christus moet deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk as ongelooft verklaar en gereken word.** Dit mag deur geen gemeente, lidmaat, ampsdraer, dosent, kerklike vergadering of inrigting geakkommodeer word as deel van die kerk nie.

Voetnota by 15*

Dit is die ou ongelooft van die apostels voor die opstanding van Christus. Dit is die ongelooft van die Jode wat 'n politieke Messias verwag het. Dit is die ongelooft van die filosofiese Grieke. Dit is die ongelooft deur die hele geskiedenis van die kerk in die wêreld. Die *eerste heidense literêre aanval op die Christelike geloof* is reeds in 178 nC deur *Celsus* en toe in 278 deur *Porphyrius* gedoen. Hulle sê die Evangeliste was *nie vertellers van die geskiedenis* van Jesus nie. Hulle het dit *self gemaak*. Die rede hiervoor, sê hulle, gaan oor die opstandingsberigte. Die baie weersprekings is die bewys dat dit opgemaak is en nie vertellings is van die geskiedenis nie. Hulle sê verder:

- Dat die opstandingsberigte oor Jesus *nie histories gebeur* het nie, want dan sou Jesus aan Pilatus en ander belangrike figure verskyn het, nie net aan die apostels wat dit vertel nie;
- Dat die *Ou testament nie na Christus verwys* nie, dit is maar net die apostels se afleidings (Kurt Alland: *Die Frühzeit der Kirche in Lebensbildern von Jesus bis Justinian*. 1981, bl 113-114)

Hulle het alreeds gedoen wat mense nou met *kontekstualisering* en *Skrikritiek* doen: om *ongelooft* as *meer wetenskaplik* uit te wys teenoor geloof in Christus.